

Informa



Julie 2004 - 3

Amptelike nuusblad van die personeel van die UV/Official newsletter of the staff of the UFS

U100 die fokus van die UV se nuwe vervoernetwerk

'N Voorgestelde parkeerstrategie is verlede maand aan 'n groep kundiges, betrokkenes en belanghebbendes voorgelê. "Dit is baie goed ontvang en sal nou lei tot 'n beleidsvoorstel aan die UB. Daarna word 'n groot "volksvergadering" beplan waartydens almal op die kampus ingelig sal word oor die veranderinge," sê me. Edma Pelzer, Direkteur Fisiese Hulpbronne en Spesiale Projekte.

'n Voorlegging oor die aanwysingstelsel is ook goed ontvang deur die groep aan wie dit voorgelê is. Een aspek van die stelsel, naamlik om 'n duidelike ringpad te identifiseer met 'n roetenommer, is gunstig deur die UBD ontvang. Die ringpad (vanaf die Nelson Mandelalaan-ingang via Kanseliersweg, Graduandilaan, Dekaanstraat, oor die noordelike brug om die UV-Sasol-biblioteek, tussen Mabaleng en die Winkie Direko-gebou, verby die nuwe Sport-sentrum, oor die suidelike brug na die sirkel by die Wynand Mouton-teater en dan via Fakulteitsweg weer na Kanseliersweg) sal waarskynlik die roetenommer U100 kry. Die "100" verwys natuurlik na die UV se eeuwording.

Die beplanning en ontwikkeling van 'n verkeersnetwerk (wat insluit toegang, sirkulasie en parkering) vir die UV is 'n voortgaande projek. " 'n Verwante aspek, die beplanning van 'n doeltref-



fende aanwysingstelsel om vinnig en veilig van enige ingang bestemmings soos lesinglokale, koshuise en veral openbare fasiliteite soos die Callie Human-saal te kan bereik, het ook in die afgelope jaar intensiewe aandag geniet," sê me. Pelzer.

As deel van die projek is daar sedert Junie verlede jaar meer as 400 bykomende formele parkeerplekke

geskep om nuwe ontwikkelinge te bedien. Parkeerplekke is geskep by Thakaneng-brug/ FarmovsParexel, by die nuwe Scaena-teater, in Kampuslaan-Suid en by die Eeufeeskompleks.

Me. Pelzer sê parkering bly egter 'n probleem wat net opgelos kan word deur 'n parkeerstrategie wat beide die ontwikkeling van meer parkeerareas op die regte plekke en die aanvaarding

vervolg op p2

MOOIRIVIER MAKELAARS bk

Spesialiseer in groepsversekering

Sekuriteit • Die beste prys • Die beste diens

Kontak ons by (051) 447 6877, faks (051) 447 5758 of stuur e-pos aan mmbloem@mweb.co.za




van 'n omvattende nuwe parkeerbestuurs- en beleidsraamwerk insluit.

Implementering sal dan oor tyd geskied, na gelang van die beskikbaarheid van finansies. 'n Belangrike aspek van die voorgestelde strategie is die fisiese skeiding van studente- en personeel-parkeerareas ten einde konflik te verminder. Dit verg onder meer die oprigting van valhekke op plekke in die sentraalkampus-area wat reeds geïdentifiseer is.

Enkele van die belangrikste beginsels wat geïdentifiseer is vir 'n aanwysingstelsel is die volgende:

- Die hele stelsel sal 'n geïdentifiseerde korporatiewe beeld ondersteun.
- Bestaande straatname sal die basis van aanwysings vorm (en strate wat nie name het nie sal name moet kry).
- Aandag sal gegee word aan eksterne aanwysings van die omliggende strate na die UV.
- Prioriteit sal gegee word aan die behoeftes van besoekers wat nie noodwendig vertrou is met die kampus nie.



- Die taalbeleid sal verreken word op gids- en inligtingstekens en konsekwent toegepas word. "Implementering sal uiteraard ook oor tyd geskied. Daar sal

ongelukkig nie in 'n enkele jaar 'n groot genoeg kapitaaltoekenning gemaak kan word om die stelsel volledig te implementeer nie," sê me. Pelzer.

Knowledge management an advantage

"Companies across a wide spectrum are opting to apply knowledge management in an attempt to increase competitiveness and to ensure sustainability. Knowledge management is also relevant to the higher-education sector, said Prof. Janse Tolmie of the Department of Computer Science and Information from the University of the Free State (UFS) at his inaugural lecture.

He and his brother, Francois, of the Department New Testament made history by being the first two brothers to deliver their inaugural lectures on the same day at the UFS. Prof. Janse Tolmie delivered his inaugural speech on *The role of information technology in knowledge management*.

Globalisation, internationalisation and increased competition raised the importance of knowledge to compete in the market. Some of the foremost companies in the world – General Electric, Hewlett-Packard, Ernst & Young, Nokia, Honda and Siemens embarked on knowledge management initiatives.

According to Prof. Tolmie "There is no single gold standard for applying knowledge management in a company." The approach needs to be tailored for



From the left: Prof. Herman van Schalkwyk, Dean of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences, Prof. Janse Tolmie, Head of the Department of Computer Science and Information, Prof. Francois Tolmie, Department of New Testament, and Prof. Hermie van Zyl, Dean of the Faculty of Theology.

each company while taking into account its mission, resources, business processes and strategies.

Information technology (IT) plays a big role in knowledge management initiatives and can add value to an organisation. Prof. Tolmie focused on the benefit and role of IT-based knowledge management initiatives for finding and creating knowledge in an institution, i.e. web-site logs, data-mining techniques and initiatives for quality assurance.

When data is created it must be made available to the right people in the right format. A big problem that employees at large companies experience, is information overload. A powerful

remedy for this is to employ corporate portals that organise, package and share knowledge. These portals are web sites or intranets that allow for the definition of employee roles, e.g. dean, lecturer or member of a certain committee. When an employee logs into the system he would then only be presented with the information and functionality that are applicable to his role/s.

"The area of e-learning is a good example of the power of IT in knowledge management. E-learning is a kind of knowledge management project in itself as it is all about knowledge transfer to learners by utilising electronic means," said Prof. Tolmie.

Springbokke beïndruk met UV-fasiliteite

“Springbok-rugby het vir die eerste keer ’n oefenkamp, in Bloemfontein aan die Universiteit van die Vrystaat (UV), aangebied en die Bokke het belowe om weer hier by die UV te oefen,” sê dr. Derik Coetzee, Senior Lektor in die Departement Menslike Bewegingskunde aan die UV. Dié oefenkamp kan gesien word as een van die hoogtepunte van die Eeufeesvieringe van die UV.

“Die spelers en mnr. Jake White, afrigter, was uiters beïndruk met die UV se oefenfasiliteite en veral die hulpvaardigheid van die UV-gemeenskap. In die opsig was mnr. James Letuka, Direkteur, en mnr. Tat Botha, Senior Sport Beampte, Kopsie Sport, baie betrokke en het altyd hulp voorsien waar nodig,” sê Derik. Die feit dat Bloemfontein sentraal gelêe is, maak dit ideaal vir spanbou en om oefenkampe hier aan te bied.

Na sy betrokkenheid as biokenetikus en kondisioneringsafrigter by onderskeidelik Cheetah-rugby asook ’n aantal Suid-Afrikaanse-spanne het die Suid-Afrikaanse Rugby Voetbal Unie (SARVU) en Jake White Derik die pos as hoofkondisioneringsafrigter van die Springbokke aangebied.

Die Springbokke het vir ongeveer vier weke, van 18 Mei tot 12 Junie, by die UV in Bloemfontein geoefen ter voorbereiding vir die toets teen Ierland en ook verdere wedstryde later in die jaar. Derik sal die span vergesel met hul



Dr. Derik Coetzee.

wedstryde en toere in onderskeidelik die drienasiereeks en die toer na Europa en Argentinië.

Hy was getaak om die Bokke optimaal te kondisioneer. Spanlede was onderwerp aan fisiese toetse by die UV se Oefenkunde- en Welstandsentrum. Hier was hulle volledig geëvalueer op hul sterk en swak punte waarna Derik gekonsentreer het om dié swak punte te verbeter.

Derik, wat nog steeds verbonde is aan die Departement Menslike Bewegingskunde, sê honneurs-studente in Sportwetenskap was direk gemoeid met die toetse. Hulle het nie net waardevolle ondervinding opgedoen nie, maar ook die geleentheid benut om navorsing te doen.

“Die UV se betrokkenheid by Bok-afrigting kan baie sportlui hierheen lok om hul optimaal te kondisioneer. Ons het die nodige fasiliteite, ’n laboratorium met gesofistikeerde apparaat en die infrastruktuur om dit te hanteer,” sê Derik.

Met al die oefeninge wat by Shimla-park plaasgevind het, het die UV baie nasionale en internasionale media-blootstelling gekry. Van die beste sportskrywers het die UV besoek om van die Bokke te sien oefen en onderhoude te voer. Daar was selfs ’n skool uit die Oos-Vrystaat wat ’n oefening bygewoon het en handtekeninge versamel het. By party van die oefeninge was daar tot 1500 mense.

Beide die UV en die spelers het baat gevind by die besluit om die Springbokke in Bloemfontein te laat oefen. Met oorwinnings in albei die eerste twee wedstryde, direk na die oefenkamp aan die UV, kan niemand tot enige ander gevolgtrekking kom nie.

E-leer se toekoms aan die UV kry hupstoot

“Dit is die tendens van die tyd. Ons het nie ’n keuse nie, ons moet dit doen as ons in pas wil bly met ontwikkeling in die res van die wêreld,” sê mev. Alida Dippenaar, wat onlangs as hoof van die E-leerafdeling aangestel is. Die UBD het goedkeuring verleen vir die uitbreiding van die e-leer-kantoor na ’n e-leer-afdeling binne die struktuur van die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en -Ontwikkeling (SHOSO).

“Soos in baie ander gevalle kan inligtingstegnologie die onderriglandskap herstruktureer en die moontlikheid bied om ’n gemengde onderrigmodel daar te stel. Daar vind dus ’n klemverskuiwing plaas van onderrig na leer waar die student ’n groter mate van verantwoordelikheid neem. Dit is in hierdie proses van rekenaargebaseerde leer waar die E-leerafdeling daadwerklike ondersteuning aan die dosent kan bied,” sê mev. Dippenaar.

Daar is baie voordele verbonde aan hierdie model. Die kontaktyd tussen studente en dosente verminder en studente kan sekere leerinhoud op die rekenaar kry. Die leerinhoud word geïntegreerd aangebied. Studente moet dus wel klasse bywoon. Sekere toetse kan ook rekenaarmatig gedoen word.

’n Verder voordeel is dat die aanbod van lesings in Afrikaans en Engels vergemaklik word. Studente kan die leerinhoud op rekenaar, in die taal wat hulle verkies, kry.

Om dit te kon bereik, moes die nodige infrastruktuur daargestel word. Eerstens is die e-leer-kantoor vergroot na ’n e-leer-afdeling. Mnre. Anton Pienaar, Francois Marais en Chris Linström is gesecondeer na die e-leer-afdeling en me. Elsia de Foglio is onder andere verantwoordelik vir die instrukturele ontwerp van die kursusse op rekenaar.

Tweedens moes die rekenaarlaboratoriums uitgebrei word sodat meer studente toegang tot rekenaars kon hê. Studente het nou toegang tot rekenaars by die Sasol-rekenaarlaboratorium, die UV-Sasol-biblioteek en die Thakaneng-brug.

Kamers in die koshuise op kampus is ook toegerus met rekenaar-punte.

“Ons beplan ook om ’n een-stop-diens in te rig waar studente, sowel as dosente, met probleme om hulp kan aanklop,” sê mev. Dippenaar. Een van die belangrikste funksies van die afdeling is om ondersteuning aan dosente te gee met die aanbod van e-leer-klasse.

“Ons is redelik in ons kinderskoene betreffende e-leer,” sê mev. Dippenaar. Die afdeling beplan om binne die volgende vyf jaar e-leer uit te brei en te integreer in meer vakke en fakulteite.

Hoe personeel teen korrupsie, bedrog kan help

Hier volg nog 'n paar wenke om korrupsie op kampus te beveg:

- Sekere bevoegdhede word deur die UV-Raad aan sekere personeellede gedelegeer wat ooreenkomste en kontrakte namens die UV mag aangaan en onderteken.
- Geen eis vir uitgawes, ad hoc-vergoeding, rekwisies vir die bestelling van goedere en dienste, aansoek om verlof, ensovoorts mag weer aan die aanvrager terugbesorg word nie, maar moet deur die verantwoordelike goedkeurder direk aan die betrokke steundiensafdeling, vir verdere verwerking, gestuur word.
- Indien personeel of hul familie belange in onder meer maatskappye het wat besigheid met die UV doen, moet sulke belange skriftelik aan die UV verklaar word.
- Personeel wat buitewerk binne die reglement van die UV wil doen, moet jaarliks daarvoor aansoek doen, ook waar hulle die infrastruktuur van die UV wil gebruik. Personeel behoort hul belange behoorlik en skriftelik te verklaar.
- Buite-instansies wat geld vir navorsing skenk, het dikwels spesifieke voorskrifte waarvoor die fondse aangewend mag word en personeel moet binne hierdie, asook die UV se voorskrifte bly. Die geld mag nie vir 'n ander doel as waarvoor dit geskenk is aangewend word nie.
- Die toekenning van beurse moet slegs aan bona fide-studente, waarvoor enige student aansoek kon doen, geskied en daar mag nie bepaalde werksvoorwaardes aan gekoppel wees nie.
- Fondse mag nie verskuif word sonder dat dit deur behoorlike dokumentasie ondersteun word nie. Indien dit toegelaat word, verhoog dit die risiko dat buitengeld en selfs universiteitsfondse vir persoonlike doeleindes aangewend kan word. Fondse word dikwels van navorsing-entiteite na sogenaamde persoonlike of "kitty"-entiteite verskuif. Slegs werklike uitgawes wat foutielik te boek gestel is, kan verskuif word. Die verskuiwing van fondse na die persoonlike entiteite mag slegs gedoen word indien dit in die ooreenkoms met die fondsverskaffer gemeld word dat daar addisionele kompensasie ter sprake is.

Switzerland eye-opener for Vista student

Keorapetse Makgasane (22), a third-year B.Comm. student at the university of the Vista campus has experienced a Swiss treat for at least ten days. He was one of the 99 people who were selected to visit Switzerland in March 2004.

The group were selected from the nine provinces, representing various categories such as teachers, Aids carers, lawyers and military officials. Keorapetse represented the entrepreneurs' category since he owns a catering business.

"The group from the Free State had an opportunity of visiting seven cantons in Switzerland. We were taken to different companies, farms and hospitals," he explained. The group were exposed to the Swiss lifestyle as well as work places. "Each one of us had to spend a day with a family. The family that I spent the day with, was very kind to me. I had a taste of Swiss food and took part in their daily chores," Keorapetse said. When the family asked him questions about his country, he replied: "My country is beautiful and is more developed than certain parts of your country." According to him they find it difficult to believe because they

thought South Africa was still underdeveloped.

He said: "The tour has been an eye-opener for me. I have learned a lot of things. I even consider starting my own bottling company." This is because the group were also exposed to the Bühler Company for bottling and chocolate making, which started in 1860 and is based in Switzerland. "I am planning to save money to buy these machines. I believe that I am going to be a successful businessman soon. I will be contributing towards community development as well as job creation in my country," Keorapetse said with a broad smile.



Keorapetse Makgasane.

New module in Electronic and Internet Law introduced

"All knowledge in the world doubles every 18 to 24 months. The law cannot stay behind. We need to ensure that available information is relevant in a law perspective as well as to society," said Mr Jaco Deacon, Lecturer in Mercantile Law at the UFS.

The development of technology and demands for access to information put pressure on the law to fulfill its function of regulating society in a fair and equitable manner, and to promote legal certainty in this field. "This is basically why an in-depth study of Electronic and Internet Law has become essential," said Mr Deacon. There is an urgent need for specialists and it must be addressed as soon as possible.

Internet Law covers the whole law field, from e-bucks to organised crime to tax on electronic transactions.

"With the module on Electronic and Internet Law we will create opportunities for electronic and internet fanatics to become specialists in this specific discipline," said Mr Deacon. They will be able to advise consumers on the optimal use of the internet. The module on electronic and internet law will be introduced this year.

"The UFS would have stayed behind if it did not grasp the opportunity to establish and present this course. This subject is here to stay. Internet is part of our society and trade. Without it we cannot effectively conduct business," said Mr Deacon.

Boyden-wetenskapsentrum wyer bekend gestel



“A lhoewel die Boyden-wetenskapsentrum al aktief is, is die nuwe fasiliteite nog nie formeel aan die onderwysgemeenskap bekend gestel nie. Die groot geleentheid, wat 'n bydrae sal maak tot die eeufeesvieringe van die UV, word beplan vir vroeg in die volgende kwartaal,” sê dr. Matie Hoffman, senior lektor aan die Departement Fisika.

Sedert die ingebruikname van die Boyden-wetenskapsentrum het verskeie ruimte- en astronomiese gebeurtenisse die geleentheid geskep om wetenskap en tegnologie onder die publiek en skoliere te bevorder. 'n Besoek per trein van 'n groot skoolgroep uit die Oos-Vrystaat, wat Boyden by hulle program ingesluit het, was 'n hoogtepunt in dié opsig.

Personeel van die Departement Fisika aan die UV het entoesiasme behoorlik laat vlamvat met aanbiedings tydens die totale maansverduistering op 4 Mei en die Venus-oorgang (strook links) op 8 Junie 2004. Met die ope aand van 15 Mei was die werêld van ruimtevaart en die besoek van komeet NEAT/Q4 weer aan die beurt.

Ander hoogtepunte sedert die ingebruikneming van die wetenskapsentrum sluit in die oprigting van 'n robotiese teleskoop van 35 cm-deursnee op die Boyden-perseel, onder toesig van die University College Dublin (UCD). Dié teleskoop sal met behulp van die internet vanuit Ierland beheer word. UCD sal dan ook oor die volgende drie jaar 'n broodnodige bydrae tot die navorsingsfondse vir Boyden lewer.

Op navorsingsgebied was die UV-astrofisikanavorsingsgroep se voorlegging om navorsing te doen as deel van 'n sentrum van voortreflikheid geslaagd, sê dr. Pieter Meintjes, leier van die astrofisikanavorsingsgroep by die UV. Dié sukses was erkenning vir die rol wat die navorsingsgroep en die Boyden-sterrewag speel ten opsigte van astrofisikanavorsing in Suid-Afrika. Onlangs is 'n internetverbinding tussen UV-Boyden-sterrewag en die UV-kampus voltooi, wat verdere voordele inhou vir die navorsings- en opvoedkundige infrastruktuur van die UV. Op grond van die deelname van die UV aan die Nasionale Astrofisika- en Ruimtetwetenskapprogram (NASSP), raak die universiteit 'n gewilde instelling vir studente om opgelei te word as astrofisici. Gedurende 2004 sal twee nagraadse studente uit die NASSP-program vir M.Sc.-studie in Astrofisika by die UV registreer.

Dr. Hoffman sê: “Jare lank het duisende besoekers die voorreg gehad om die sterrehemel vanuit die Boyden-sterrewag te bewonder. Met die nuwe fasiliteite in plek kan hierdie diens aan die gemeenskap nou net soveel beter gelewer word.” In die laaste jaar en 'n half is belangrike opvolgwaarnemings met die 1,5 m-UV-Boyden-teleskoop gedoen, wat drie gammaknalte (gewelddige ontploffings waarvan gammaflitse die aarde bereik gevolg deur 'n optiese na-gloed) insluit.

“Die ondubbelsinnige vind van ekso-planete vanaf die Boyden-sterrewag bly egter nog 'n droom wat hopelik binnekort sal waar word. Dit sal fundamentele vrae help beantwoord rakende die planeetvorming, asook die massa-inhoud van sterrestelsels, soos die melkweg. Dit plaas weer belangrike beperkings op die massa van die heelal in geheel, wat sal bepaal of die heelal oneindig gaan uitsprei in terme van die oerknalmodel, en of dit op 'n stadium gaan inlof.

Die deelname aan die projek sal dus verseker dat die UV-astrofisikanavorsingsgroep deelneem aan die mees fundamentele ondersoek rakende die herkoms en toekoms van die heelal. Die goeie sinergie tussen die navorsings- en opvoedkundige aspek van die Departement Fisika se aktiwiteite, dra reeds by dat fundamentele ontdekkings op wetenskaplike terrein met die gemeenskap in geheel gedeel word,” sê dr. Meintjes.



Dr. Matie Hoffman.

Meer lig daarop by kunstefees

Met die Volksblad-kunstefees sal dr. Matie Hoffman, in samewerking met Van SchaikBoekhandel, die kyker op 'n reis neem deur die geskiedenis van die kosmos, vanaf die oerknal tot waar die lig jou vandag tref.

Met 'n wisselwerking tussen voorlesings uit onder meer die *Groot Gedagte* en die Bybel, beelde van die heelal op dataprojektor en musiek word die wonder van die skepping beleef en daarin gedeel. Mense kry al hoe meer 'n blik op die skeppingsproses namate al hoe meer lig van die oertyd nou eers die aarde begin bereik.

Belangstellendes kan die aanbieding kom bywoon op óf 15 Julie om 17:00 in die Sasol-ouditorium teen R25 per persoon óf op 16 Julie om 17:30 (bus vertrek van Spontaanverhoog) by Boyden teen R60 per persoon. Kaartjies kan gekoop word by Pacofs of by die Inligtingstoonbank in die Mimosa Mall.

Nominate people now for Centenary Awards

All current and previous staff members of the UFS, Council members and students are invited to nominate candidates for Centenary Awards. The ceremony will take place in October during the Centenary medal-award ceremony.

Nominations are awaited for achievers in teaching, research and community service, sport and culture, as well as donors, alumni, management and support services. Awards will only be made to living persons.

The main purpose of the Centenary Awards is to give recognition to persons who have made an exceptional and above-average contribution to the

establishment, development or transformation of the UFS. The university also aims to honour achievers and benefactors who were overlooked in the past and to create a link between the university and society.

The closing date is 31 July 2004.

Centenary Awards will be approved finally by the Executive Management. Nominations can be forwarded to Prof. Sakkie Steyn, the Registrar: General. Proposals must contain the following detail of the nominee:

- Full name of nominee
- Address
- Telephone number and/or e-mail address
- Date of birth


- Association with UFS
- Category
- One-page CV
- Reasoned argument for making the award (one page)
- Name, address and telephone number of proposer
- Name, address and telephone number of first seconder
- Name, address and telephone number of second seconder
- Signatures of proposer and seconder.

Valid reasons must be provided, explaining why the person made an exceptional contribution in this category, and why this contribution is bigger than average.

Graduation ceremony at the UFS-Qwaqwa campus

On 8 May 2004, the Qwaqwa campus held a graduation ceremony. The Mayor of Maluti-a-Phofung, Dr Balekile Edward Mzangwa, was one of the dignitaries who attended this special occasion. In his speech Prof. Peter Mbatlana, campus head,

congratulated all the graduates for their hard work and determination. The Rector and Vice-chancellor of the UFS, Prof. Frederick Fourie, told the graduates that they are very fortunate to be graduating in the centenary year of the university.



From left, are Prof. Mbatlana, Dr Mzangwa and Prof. Fourie.

Beskermingsdienste maak 'n verskil

"Misdaad sal altyd met ons wees. Dit is tyd dat meer personeel en studente betrokke raak en hul houding teenoor hul medemens se eiendom verander," sê mnr. Willie Frankim, Bestuurder: Beskermingsdienste. Beskermingsdienste is hoofsaaklik verantwoordelik vir sekuriteit by die hekke, skadebeheer en om misdaad te beveg en aan te spreek.

"Die kampus is 'n klein dorpie in Bloemfontein. Op enige gegewe dag is daar ongeveer 90% meer voete op die kampus as op enige klein plattelandse dorpie," sê Willie. Met die misdaadtdens in Bloemfontein wat verander het, het misdaad vanaf die middestad na die Brandwag-area verskuif. "Ons is in die kern van die ding," sê hy.

Hy bedank die personeel wat veiligheidsbewus is en verdagte optredes gerapporteer het. Op die wyse is 'n aantal motordiewe al in hegtenis geneem. In die eerste paar maande is R208 000 se skade met inbrake en diefstal van voertuie aangerig. Hy sê dit kon erger gelyk het indien dit nie

was vir personeel wat hul oë en ore oopgehou het nie.

Willie moedig almal op kampus aan om hul motors, sowel as hul kantore, te beveilig. Nog 'n wenk wat hy gee, is om personeel by die hekke te groet. Die hekpersoneel leer ken die mense wat hul groet en merk dadelik op as iemand anders hul voertuig bestuur.

Willie en sy personeel het 'n goeie verhouding met die Suid Afrikaanse Polisiediens (SAPD). Wanneer iemand 'n saak aanmeld, sal Willie en Aggrey Letseho, ondersoekbeampte by Beskermingsdienste, in samewerking met die SAPD, 'n saaknommer kan verskaf. Beskermingsdienste reël ook vir vingerafdrukke in die geval van 'n inbraak. In geval van traumasake word die slagoffer deur Beskermingsdienste na die Maatskaplike Dienste op kampus verwys en op versoek van die slagoffer kan gereël word dat 'n vroulike polisiebeampte die saak ondersoek, indien nodig.

Hy sê alhoewel verkeer by die hekke 'n kopseer vir baie personeel is,

doen Beskermingsdienste hul bes om die proses te verbeter. Verkeersbeamptes is aangestel om verkeersvloei in die oggende en in die middag na werk te beheer. Die opeenhoping by die hekke het egter nie verbeter nie. "Dit is nie net die kampusgebruikers wat 'n effek op die verkeer by die hekke het nie, maar die feit dat alle hekke deur hoofpaaië omring is," sê Willie. Me. Edma Pelzer, Direkteur Fisiese Hulpbronne en Spesiale Projekte, is tans besig met onderhandelinge om die probleem by die hoofhek, asook die hek by Mikrobiologie, aan te spreek.

Omdat hulle 'n tekort aan personeel het, verwelkom Willie altyd hulp van die UV-gemeenskap. "Alhoewel daar 12 mense in die afdeling werk, is gemiddeld net agt persone per skof aan diens," sê hy.

Hy versoek personeel, sowel as studente, om bedag te wees op mense wat verdag voorkom en dit aan Beskermingsdienste te rapporteer.

'n koppie koffie met...

Simon geniet sy werk steeds na 24 jaar



Simon Khosana.

Vier en twintig jaar gelede, op 7 Mei 1980, met net standerd agt in sy sak, begin Simon Khosana by die Universiteit van die Vrystaat (UV) werk. Voor sy aanstelling as stoomman by Bevoorrading het hy ook onder meer vir 'n tydperk as voltydse vakbondverteenvoorder van NEHAWU gewerk.

Die deur was vir hom oopgemaak nadat hy in 2000 sy matriek verwerf het by die Kopsie Adult Centre. Alhoewel sy matriekulasie een van die hoogtepunte in sy loopbaan aan die UV is, "was dit nie maklik om te leer terwyl ek werk nie. Vir my was dit 'n uitdaging en 'n prestasie," sê hy.

Met matriek onder die vlerk het Simon sukses gesmaak en besluit om verder te studeer in Arbeidsverhoudinge. Simon het besluit op dié rigting na blootstelling en ondervinding in arbeidsreg-aangeleenthede.

Om werkers oor arbeidsaangeleenthede te verteenwoordig was vir Simon een van die hoogtepunte met sy loopbaan aan die UV. "Mense praat makliker met ons (vakbondverteenvoorder) en nie bestuur nie, as hulle probleme by die huis het," sê Simon.

Buiten sy werk in die stoor is Simon ook een van agt trustees van die Voorsorgfonds. "Ons hanteer eise en kyk dat geld na die regte persoon toe gaan wanneer iemand oorlede is," sê hy.

Simon geniet sy werk as stoomman by Bevoorrading. Omdat baie mense hom ken en hy baie mense ken – van sy dae as bode sê hy – is dit vir hom altyd lekker om te help. Of dit nou is om jou te help om 'n winskopie uit te snuffel – hier kan jy van 'n skootrekenaar teen R800 stuk tot 'n potplant-tafeltjie vir R10 optel – of om iets na en van Qwaqwa te vervoer, hy is altyd behulpsaam.

Beide Simon se vrou en sy dogter is ook verbonde aan die UV. Miriam, sy vrou, werk by Huis Wag-'n-Bietjie en Nombiselo (21) studeer Inligtingstechnologie. Simon wat ook self studeer, sê: "Dit is nie maklik om te leer as jy groot is nie." Hy laat hom egter nie onder kry nie, want sy motto "vat die *challenge*, want op die einde van die dag sal jy kry wat jy wil hê," het al resultate opgelewer toe hy sy matriek verwerf het.

Wanneer Simon nie tyd aan sy werk en sy studies bestee nie, hou hy daarvan om sokker te kyk, met sy hond, Gilly, te stap en as die weer dit toelaat, te swem. Die 2010-sokkerbod wat aan Suid-Afrika toegestaan is, was vir hom baie goeie nuus.

En wat maak hom die blyste? Toe sy gunsteling-span, Kaizer Chiefs, onlangs die PSLA-liga vir die eerste keer in twaalf jaar gewen het.

American professor experiences e-learning at the UFS

Prof. Cornel (Corky) Reinhart from the University Without Walls, Saratoga Springs in New York State in America visited various departments at the UFS. He conducted workshops on *Putting your module online*, *The assessment of online participation* and *Principles of good practice in adult learning*.

Prof. Reinhart said the UFS has already learned a great deal about e-learning. "The whole idea of e-learning is a new and dynamic field at the university. We are excited about the challenges, but still have much to learn in this area.

According to feedback and responses from the individuals who attended the sessions, Prof Reinhart's perspectives changed their perceptions, triggered their imagination and inspired them," Ms Luzelle Naudé of the Department of Psychology said.

The visit was an opportunity to share expertise and best techniques. "It was incredibly exciting for me to observe the diversity in culture in especially online and adult learning," he said. He was also impressed with the university's efforts in building links with the community.



Prof. Cornel Reinhart and Ms Luzelle Naudé.



Uitgrawings in 2104 werp lig op UV

Dagsê!

Prof. Leo se **UV 100+ Geskiedenisboek 2004** wag net om gedruk te word! Bestel mense, bestel! Na al die rasionalisasieprosesse en draaistrategieë die laaste dekade moet julle dëksels dankbaar wees dat julle nog deel is van die geskiedenis! As a student responded during exams. Q 1: *The main thing about history is...* (complete the sentence). A: *...that it's history – incomplete!* Ware woorde! Elke dag is geskiedenis! Die fees is kultuurgeskiedenis in aksie.

Teen die tyd dat Bultjie verskyn, is die 4de Volksbladfees dalk ook al geskiedenis! Ek voorspel op hierdie dag van skrywe, 22 Junie, dat die fees klop-disselboom gaan verloop met die puik span Kovsiepersoneel, -studente, en die Volksbladmense. Dankie by voorbaat vir julle onbaatsugtige diens en terugwerkende gelukwense oor die befeesde, dawerende sukses! (Bultjie se Oumagrootjie was as jong weduwee in dieselfde konsentrasiekamp as Siener van Rensburg!)

Oor nog 100+ jaar sal dit vir die 130-jarige emeritusprofessor in Geskiedenis aan die UV, Jan-Ad Stemmet, maklik wees om die 2de eeu van die Kovsie-geskiedenis soos hieronder te beskryf. (Ja, hy sal so oud kan word! Die UV Mediese Fakulteit sal teen daardie tyd dr. Susan Vosloo se geheime resep vir ewige skoonheid en jeugdige voorkoms al bekend gestel het!)

Hier dan 'n moontlike uittreksel uit Jan-Ad se voorgenome **UV 200+ Geskiedenisboek 2104**. "Ons kyk vandag terug na 200 jaar van voortreflikheid aan die UV! In die jaar 2000 is 'n fondament gelê vir 'n kunstefees wat teen die Kovsie-Eeufeesjaar in 2004 volle wasdom bereik het! Vandag, in 2104, staan die monument nog stewig! Afrikaans as opvoering- en uitvoeringstaal staan nog steeds sterk in die nuwe multikulturele/-talige omgewing waarin ons ons in 2104 bevind!

Hoewel Rekenariaans, Europaans, Afroans, Britikaans, Emblemiaans en Selfoniaans as amptelike voertale sterk op die voorgrond getree het sedert 2010, sing feesgangers vandag nog steeds Bacchusiaans vrolik voort aan "Ou

Ryperd" – daardie tydlose treffer van afgestorwe sangers van weleer soos Chris Blyghnaut, Charles Jacobie, Die blinde Swanepoels, Dozi, Theuns Jordaan en die Kaalstertkwaggasangers.

Die herontdekking van die lied word toegeskryf aan die Departement Geologie se voortgesette argeologiese opgrawings op soek na hul Venterwaentjie se agteras wat in 2004 verlore geraak het!

Tydens opgrawings in die middel van die kampus, wat in 2004 die Westekant was, is oorblyfsels van 'n gebou gevind wat skynbaar een of ander primitiewe naslaanfunksie vervul het, aangesien duisende, vreemde papiervoorwerpe daar gevind is. Primitiewe wesens/studente van destyds het blykbaar om 'n Konkakol die dokumente bespreek. Tussen glashouers met alkoholiese reste is ook 'n oer-kopie van "Ou Ryperd" gevind. Dit is rekenaarmatig ontsyfer. En siedaar! Popgroepe van vandag, onder meer Wêck'n-bietjie, WelkomTerugVanPluto, en NeukTerug-Ruimteskip skop nou gat met dié tradisionele treffer!

Tydens onlangse uitgrawings vir 'n 4de vlak magnetiese moltreinstelsel op kampus, is 'n sirkelpad om die destydse Hoofgebou ontdek wat verkeer op indrukwekkende wyse kon laat vloei! Ingekontraakteerde ingenieurs ondersoek tans die moontlike her-oopstelling van die sirkelpad om die druk op die drie bestaande magnetiese moltreinstelsels op kampus te verlig. Voorlopige ondersoekte toon dat die bou van die 4de moltreinstelsel deur hierdie ontdekking tersyde gestel kan word.

Triljoene rande sal so bespaar word. Die huidige 14-jarige Rektor, M(e)(n)(o) van den Mammelo-Britney-Strauss-Bartolletti, beskou dit as 'n deurbraak vir die veertigste *Spin-and-Win*-strategie die afgelope eeu!" (Ja, die naam is reg gespel!)

In 2104 is alle gender- en rasaanduidingvorme verbode verklaar! U skrap net die (e) die (n) of die (o) ahangende van jou bui, onmiddellike voorkeur of die omstandighede.

Dit is ook vir die navorser 'n groot voorreg om vandag, 28 Januarie 2104, aan te kondig dat die bouwerk aan die Hoofgebou, die Rektor se Onthaalkom-

pleks by die ou Reitzsaal en die nuwe Scaenakompleks gister voltooi is!" Word vervolg!

Bultjie

Zimbabwe-ambassadeur leer by Kovsies



Die ambassadeur van Zimbabwe in Botswana, mnr. Phelekezela Mphoko, het 'n kursus in *Strategic Management in Agriculture* aan die Sentrum vir Landboubestuur bygewoon. Later het mnr. Mphoko ook 'n Vleisverwerkingskursus saam met sy vrou by die Sentrum vir Landboubestuur bygewoon. Die *Strategic Management in Agriculture*-kursus, aangebied deur dr. Wimpie Nell, Direkteur van die Sentrum vir Landboubestuur (agter links), is bygewoon deur, van links, mnr. Hein Mielmann, Standard Bank, me. Ntsikane Maine, Ph.D.-student en deelydse lektrise in die Departement Landbou-ekonomie, mnr. Thembile Nzungeni van Queenstown, mnr. Phelekezela Mphoko, ambassadeur van Zimbabwe in Botswana, en mnr. Ditiro Kgomanyane, Glen Landboukollege.

Aanstellings en aftredes

Prof. M.V. Janse van Vuuren, in Huisartskunde, tree af op 30 Junie 2004.

Mev. M.M.J. Philips is vanaf 1 Mei 2004 as Junior Lektor aangestel by die Skool vir Verpleegkunde.

Mev. S.S. Monamodi is vanaf 1 Mei 2004 as Lektor aangestel by die Skool vir Verpleegkunde.

‘Life expectancy decreased in SA’

Within the next five years South Africa will for the first time in this century enter a period where the death rate will exceed the birth rate, largely due to the impact of HIV/AIDS. Prof. André Pelser of the Department of Sociology said in his inaugural lecture the death rate exceeding the birthrate is only one of three demographic trends which will fundamentally change South Africa's population structure in the following decades.

Prof. Pelser said that according to some models the South African population will decrease within the next five decades by between 10 and 26 percent. A second important trend which will impact on the population structure is the progressive ageing of the population.

“The group above 65 years is the only age category in the South African population which will witness sharp increases in the next few decades,” he said. In the next 50 years, the group younger than 15 years will reflect a decrease of 39% and those older than 65 years in South Africa will increase by approximately 110% in the next two decades.

“The systematic greying of the South African population will create the same economic and welfare issues as those with which governments in some more developed countries are already grappling,” said Prof. Pelser.

A third trend affecting the South African population structure is the



Prof. Frederick Fourie, Rector of the UFS, Prof. André Pelser, Department Sociology, Prof. Engela Pretorius, Head of the Department Sociology, and Prof. Gerhardt de Klerk, Dean of the Faculty of Humanities.

constant decrease in life expectancy. Life expectancy at birth for the total population is projected to decrease from approximately 62 years at the beginning of the 1990's to 43 years in 2015-2020, with sharp differences between the various population groups.

These tendencies and changes to the South African population structure have serious implications, he said. For example, the reduction in life expectancy could compromise national development objectives.

“It is estimated that more than a quarter of the economically active population will be infected with HIV by 2006,” said Prof. Pelser.

The increase in the population in age category 65 will place a financial burden on government and the economically active sector.

“Especially worrying is the fact that ever-increasing proportions of the state budget will be allocated to health and welfare services and this at the expense of other priorities like education, infrastructure, criminal-justice system and trade and industry, to name but a few,” he said.

“A comprehensive and integrated strategy is thus vitally important in addressing the overarching issues caused by changes in the population structure,” said Prof. Pelser.

Kookolies en kitskos besorg prof. Kock 'n toekenning

Prof. Lodewyk Kock, (foto) van die Departement Bioteegnologie aan die UV is op die National Science and Technology Forum (NSTF) se jaarlikse toekenningsgeleentheid as die gesamentlike naaswenner in die kategorie Navorsing en Innovasie oor die Laaste Twee Jaar aangewys.

Prof. Kock het die toekenning ontvang vir sy bydrae in gisbiologie en sy identifisering en bestudering van die oorgebruik van kookolies in die

kitskosbedryf. By die geleentheid is die ererol van die Forum ook aan hom toegeken. Hiermee vestig prof. Kock en die UV hulself as rolmodelle in die wetenskap-, tegnologie- en ingenieursgemeenskap. Die NSTF se toekenningsgeleentheid word ondersteun deur die kantoor van die Staatspresident, die Ministerie van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie en ander kabinetministers in die parlement.



Prof. Lodewyk Kock.



Klippies in my skoen

Rookwet al te lekker oortree

Ontstoke sê:

Ek sou graag wou weet wat die UV-bestuur doen met betrekking tot rook in UV-geboue. Die wet wat Suid-Afrikaners verbied om in die werkplek en in openbare plekke te rook is lankal in werking, maar ek merk dat dit steeds op sommige plekke op kampus gedoen word asof die wet nog nooit in werking getree het nie.

Mense sal onmiddellik vra: “Waar gebeur dit?”

Personeel in die Flippie Groenewoud-gebou – aan die dosente-kant en aan Rekenaardienste se kant – sal presies weet waarvan ek praat.

My vraag is nou – geld die wet dan nie by die UV nie; en wat doen bestuur (of gaan bestuur doen) om die probleem op te los?

Prof. Teuns Verschoor, Viserektor: Akademiese Bedryf, antwoord:

Die wet geld by alle openbare instansies, maar die personeel moet saamwerk om die wet toe te pas.

My aanbeveling sou wees dat personeel oortredings van die Tabakwet by Menslike Hulpbronne aangee sodat die nodige stappe geneem kan word.

Sentrum word 10 in eeufeesjaar

Die Sentrum vir Landboubestuur het sy tiende verjaarsdag gevier in die 100ste bestaansjaar van die UV. Tydens die geleentheid het prof. Magda Fourie, Visierektor, Akademiese Beplanning, die donateurs bedank vir hul bydrae tot die Sentrum vir Landboubestuur. “Dit is belangrik om kontak te behou. Sodoende kan die sentrum relevante programme van hoë gehalte aanbied,” sê sy.

Een van die hoogtepunte in die tien-jarige bestaansjaar van die sentrum was die 200 opkomende boere en 807 kommersiële boere wat die afgelope vier jaar kursusse by die Sentrum vir Landboubestuur voltooi het.

Mnre. Joseph Nkoti en Daniël Thapedi het ook die geleentheid bygewoon. Hulle is van die studente wat 'n kort kursus deur die sentrum voltooi het.



Op die foto is van links mn. Andries Mulder, Bestuurder: Landboubesigheid by ENB (ook voorsitter van die raad vir die sentrum), mn. Joseph Nkoti en mn. Daniël Thapedi, albei van Etsa Phapang – 'n semi-stedelike landbouprojek (hulle het ook opleiding ontvang deur die sentrum), en dr. Wimpie Nell, Direkteur Sentrum vir Landboubestuur.

Monetary expert visited UFS

Prof. Victoria Chick from the University College, London, presented a guest lecture to staff and students of the Department of Economics. Her topic dealt with the historical development of the endogenous money theory. Prof. Chick is well-known internationally for her work in the areas of monetary policy and macroeconomics.

From left are Mr Michael von Maltitz, Ms Marina Marinkov, Mr Arno van Niekerk, Mr J-P Geldenhuys, Mr Antonie Pool, Mr Johan Coetzee, Mr Ivan van der Merwe, Prof. Victoria Chick and Dr Philippe Burger (Chair: Department of Economics).



... Bottom Line ...



Qwaqwa student visited Israel

From 31 January to 5 March 2004 Mr Sibusiso Mtshali (photograph), a parasitology student from the Qwaqwa-campus, visited the Parasitology Division of the Kimron Veterinary in Bet Dagan in Israel under the auspices of the cooperative research program, entitled *Cell culture - derived vaccine for bovine anaplosmosis*.

During his visit Sibusiso had an opportunity to meet scientists from

different fields of parasitology, namely animal disease diagnostics, molecular biology, helminthology, serology and tick studies. He also had an opportunity to work with Drs Katherine Kocan, Edmour Blouin (Othlahoma State University) and Varda Shkap (Kimron Veterinary Institute).

Sibusiso will be traveling to the US early in July this year.

Advertensies

Gastehuis op Stellenbosch: Kleine Herberg Gastehuis. Geleë in veilige, rustige Mostertsdrift, naby Coetzenburg-sportgronde en Eersterivier. Bed en ontbyt asook selfsorg. Dubbel R180 p.p. en enkel R240 p.p. Spesiale tarief vir langtermyngaste. Skakel Carien Smith by 021 887-5558 of 082 331 8834 of stuur e-pos na kleineherberg@yahoo.com

ACCOMMODATION STUDENT ACCOMMODATION (CAPE TOWN)

Ideal for large/small groups
(sports groups/academic/
holiday accommodation)
Five Star budget accommodation
Conveniently situated close to
UCT and all that Cape Town offers

Rate:

From R75 / sharing
(Bed & Breakfast (Continental)
Meals available upon request
Phone: (021) 447 9056
Fax: (021) 447 5192
E-mail: info@riverview.co.za
Special group rates / Long staying
guests are eligible to our discount

Publikasiebesonderhede


Informa word saamgestel deur die
Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV.

Redakteur: Leonie Bolleurs

Ontwerp en uitleg: Chrysalis Advertising & Publishing

Drukwerk: Handisa Drukkers

Menings wat in Informa gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die redakteur, Afdeling: Strategiese Kommunikasie, of die Universiteit van die Vrystaat nie.



informa.stg@mail.uovs.ac.za



<http://www.uovs.ac.za/publications>
<http://www.uovs.ac.za/publikasies>

Adresplakker